# Kampverslag Luiperds 25-26 Januarie 2008 te Barhambay

Baie reën in Januarie het verseker ‘n invloed op ons kampgetalle gehad maar die nege luiperd-waens en een gas was met ‘n sonnige warm droë naweek geseën.

Die grondpad na Barhambay was lelik uitgespoel maar die lieflike groen gras, staanplekke en die netheid van die oord het dubbel opgemaak daarvoor.





Nadat daar oor en weer handjie by gesit was deur almal (dankie Johan jou een handjie was ook waardeer) het elkeen sy nessie in orde gekry.

Die naweek is afgeskop met boekevat  waarna elkeen sy eie hamburger moes bou, daar was voor die tyd kans gesien vir twee burgers elk maar na die eerste een was daar boedel oorgegee (dankie André daai tweede een was baie lekker).

Saterdag het Johan Swanepoel ons vergas met sy perdrykuns (jammer die teuls het gebreek toe sy rietperd oploop gegaan het). Daar was ook erenstig balletjies gespeel deur verskeie spanne waar Phillip en Francois as die wenners gekroon is met Antoinette en Hettie as die naaswenners.









Saterdagaand was daar gebraai in die regte SAWA styl met kos vir ‘n honderd al was ons net tien waens.

Die naweek is afgesluit met ‘n leespreek deur Phillip Opperman die sondagoggend en Lourens wat die afsluiting waargeneem het. Lourens en Susan  Oosthuizen met Jan en Antoinette Lombard was ons kampkomedante.  Antoinette was in beheer van die Vlak....vark  boek en daar was heelwat Vlak....varke uitgedeel. André Swanepoel is as die wenner van die groot Vlak...vark aangewys en Susan was die skropvrou van die naweek .

Van die Kampkommandate se kant wil ons elke Luiperd bedank vir ’n baie lekker naweek

Lourens Oosthuizen.